Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Februarie 2009

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 313 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

# VEILIGSTE VAKANSIETYD NOG

## VERSKERPTE WETSTOEPASSING WERP VRUGTE AF

Ferm dog vriendelike wetstoepassing het gesorg vir waarskynlik een van die veiligste vakansieperiodes nog in die Overstrand.

Saam met die reeds beproefde diensleweringsplan, het wetstoepassing gedurende die vakansietyd daartoe bygedra om die duisende vakansiegangers 'n sorgvrye uitspantyd te laat geniet. Sodoende is ook die beeld van Overstrand as 'n topvakansiebestemming gehandhaaf. Ten spyte van die knellende ekonomie is ons strandoorde steeds tot oorlopens toe vol deur vakansiegangers besoek.

Overstrand se nuutgeskepte Direktoraat van Beskermingsdienste het onder leiding van sy direkteur, mnr. Neville Michaels, sy vuurdoop met welslae deurstaan.

Volgens Michaels is die Munisipaliteit se volle aantal verkeersbeamptes, wetstoepassers, brandweermanne en ondersteunende personeel ontplooi om saam met die SA Polisiediens, HPP en ander sekuriteitsinstellings, asook die Provinsiale Verkeersdiens te sorg dat alles vlot verloop.

'n Beleid van geen toleransie is toegepas en aandag is aan die geringste klagte gegee.

"Al ons strande is druk besoek, veral die Blouvlagstrande, en danksy die verbod op drankgebruik in die openbaar is geen verdrinkings of enige ernstige insidente aangemeld nie," deel Michaels mee.

Daar is seker gemaak dat gebeurlikheidsplanne behoorlik gewerk het. 'n Reddingshelikopter was deurentyd op bystand en het ook 'n rol gespeel om twee jong vermeende stropers te red toe hul vaartuig in die diepsee onklaar geraak het.

Die Verkeersafdeling was op sy pos en die volgende sake is in die hele gebied geopen: vier vir dronkbestuur, 113 vir ongelisensieerde bestuurders en 774 vir ongelisensieerde voertuie. Daar was 18 ongelukke, waarvan een noodlottig. Nege mense is vir padverkeersoortredings in hegtenis geneem en twee onpadwaardige voertuie is geskut. Sowat 3000 mense is vir spoedoortredings gevang. Die hoogste spoed gemeet was 163 km/h in 'n 80 km/h sone in Gansbaai. Die totale aantal sake wat deur die Verkeersafdeling geskryf is, tel 5 640 en boetes ten bedrae van R1 462 800 is uitgereik.

Ten opsigte van die oortreding van munisipale verordeninge, is aandag gegee aan 136 klagtes van urinering in die publiek, 30 van onwettige storting, 341 van drink in die publiek en 32 van naaktheid op strande.

Daar was 269 klagtes oor honde en 57 honde is geskut.

Altesame 20 klagtes oor steurende geraas is ondersoek en 194 van oproerige gedrag.

Ten spyte daarvan dat plekke aangewys was waar mense vuurwerke kon afskiet, is 37 klagtes oor vuurwerke ondersoek.

Die brandweer is uitgeroep vir 20 veldbrande en drie huisbrande. In een geval het agt strukture in 'n plakkerskamp afgebrand. Gelukkig was daar geen lewensverlies of ernstige beserings nie.

Munisipale Bestuurder Werner Zybrands sê hierdie syfers dui daarop dat om 'n aangename vakansie vir ons besoekers te verseker moet daar 'n klomp harde werk "agter die skerms" deur 'n besonderse span van toegewyde personeellede van Beskermingsdienste gedoen word.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdl. Theo Beyleveldt, het sy tevredenheid uitgespreek en groot lof gehad vir die inwoners en vakansiegangers wat goed saamgewerk het.

## GOEIE REAKSIE OP HONDEBELASTING

In die algemeen het troeteldiereienaars goed gereageer op die vereiste om honde kragtens ons nuwe Verordening op Honde en Katte te registreer en te lisensieer. Sedert registrasievorms tesame met munisipale rekeninge aan die begin van November uitgereik is, is lisensies vir 1665 honde uitgereik en R66600 aan lisensiegelde geïn.

'n Hondelisensie kos R40,00, maar maatskaplike pensionarisse en geregistreerde behoeftiges kan per aansoek vrygestel word.

Daar is egter steeds vele belastingbetalers wat nie op hierdie oproep gereageer het nie en almal wat hierdeur geraak word, word dringend versoek om die registrasievorms so gou moontlik aan te stuur ten einde onaangename konfrontasie of selfs 'n boete ten opsigte van 'n ongelisensieerde hond te vermy.

Die nuwe verordening beperk die getal honde wat aangehou mag word tot twee en die getal katte tot drie. Belastingbetalers wat meer troeteldiere as die toegelate getal aanhou, kan om tussentydse vrystelling aansoek doen. Spesiale reëlings kan ook vir telers, dierewinkeleienaars, dierehospitale, ens getref word.


Overstrand Animal Control is met die volle ondersteuning van alle plaaslike dierewelsynsorganisasies vir die volgende drie jaar aangewys as diensverskaffer rakende die beheer van katte en honde in Munisipaliteit Overstrand en sal alle klagtes ten opsigte van die verordening opvolg.



## SLAGGEREED VIR BRANDE

*Wegholbrande is 'n groot gevaar gedurende die lang, droë somers van die Wes-Kaap en na die baie winterreën vroeër vanjaar is die veld tans besonder ruig. Ongelukkig is dit nie net veld wat in die slag bly nie, want die sterk winde kan kooltjies tot diep binne in dorpsgebiede dra waar veral grasdakhuise maklik kan vlam vat. In Desember is 'n splinternuwe groot pomp (oftewel brandweerwa vir die leek) wat aangepas is by plaaslike omstandighede afgelewer, en saam met 'n opgeknapte groot pomp, wat uit twee brandweerwaens van die jare tagtig opgebou is, is Overstrand se Brandweer nou beter as ooit toegerus om sy uitdagende en veeleisende taak aan te pak. Boonop is 'n brandbestrydingshelikopter saam met die Overbergse Distriksmunisipaliteit gehuur en kan dit help om brande uit die lug te beveg. Overstrand beskik oor 'n aantal voltydse brandweermanne op Kleinmond, Hermanus en Gansbaai en 'n deeltydse mag, wat grotendeels bestaan uit munisipale werkers, maar ook vrywilligers uit die verskillende gemeenskappe. Die nuwe brandweerwa het R1,8 miljoen gekos en word beskryf as die veiligste en mees mobiele eenheid in sy klas vir sowel stedelike as landelike omgewings. Dit beskik oor 'n 4000 liter-watertenk en 'n 400 liter-skuimtenk waarmee die eerste aanslag op 'n brand gedoen kan word, terwyl die brandweermanne die byna 600m lange brandslange wat die voertuig saamdra aan die naaste brandkraan koppel. Die brandslanglengte kan tot 900m uitgebrei word.*

# OPGRADERING VAN HERMANUS-TOEGANGSROETE GEASSESSEER




'n Basiese Omgewingsimpakassessering word tans onderneem rakende die voorneme van die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke om die R43, die hooftoegangspad vanaf Kaapstad en die N2 na Hermanus, tussen die Sandbaaipad en Mimosastraat-kruisings op te gradeer.

Toenemende verkeersknope gedurende die spitstye, die vakansieseisoen en op spesiale geleentheidsdae op die R43 (TR28/1) na en van Hermanus word as die rede vir die projek aangegee, maar voetgangerveiligheid by Mount Pleasant en die voorkoms van ongelukke by sommige van die interseksies skep ook rede tot kommer. Die voorgenome opgradering sal kapasiteit en veiligheid langs hierdie gedeelte van die R43 verhoog.

Die voorneme is om die bestaande enkelbaan-gedeelte van die R43 vanaf nagenoeg 200 meter oos vanaf die kruising met Sandbaai se Hoofweg tot by Mimosastraat na 'n dubbelbaanpad te verander, in standaard soortgelyk aan die reeds opgegradeerde gedeelte anderkant die kruising met Sandbaai se Hoofweg. Vanaf die Mimosastraat-kruising sal die pad vir 'n verdere 150 meter geleidelik vernou om aan te sluit by die bestaande onverdeelde pad. Die totale lengte van die padwerke is nagenoeg 2.4 km. Kruisings langs hierdie gedeelte sal ook opgegradeer word.

Geen geboue sal deur die opgradering geraak word nie. Sypaadjies sal aangebring word en die straatbeligting word ook opgegradeer. Die bestaande voetgangeroorgang by Mount Pleasant met drukknop-verkeersligte gaan behou word en sal met ander verkeersligte langs die R43 gefaseer word ten einde die impak op verkeersvloei te minimaliseer. Hierdie voetgangeroorgang in die middel van die blok kan in die toekoms deur voetgangeroorgange by nabygeleë verkeersligoorgange vervang word ten einde veiligheid en mobiliteit te verbeter. Inhamme vir taxi's en busse sal, waar nodig, oorweeg word.

Die konstruksieprojek sal 'n terreinkamp insluit waarop twee brandstoftenks vir die berging van tot soveel as 20 m3 diesel gehuisves word. Die padwerke sal 'n impak op nagenoeg sewe hektaar grond hê.

Die meeste van die grond is bestaande padreserwes. Waar nodig sal die Provinsiale Regering met die eienaars van eiendom onderhandel om grond- of serwituutregte te bekom. Bogrond gaan gestapel word en sal elders in die uitvoer van die kontrak gebruik word, terwyl stof deur die sproei van water getemper sal word. Motoriste sal steeds in staat wees om die ou pad te gebruik onderwyl die nuwe in aanbou is.

Indien die projek die groen lig kry, sal uitvoering van die beskikbaarheid van geld afhang en dit kan enige tyd na 2010 gebeur. 'n Klein hoeveelheid mense uit die plaaslike gemeenskap sal vir die projek in diens geneem word. Daar kan nie vir werk aansoek gedoen word onderwyl die proses van Openbare Deelname sy gang gaan nie.

Die departement het Rosenthal Environmental aangestel om die assesseringsproses te behartig. 'n Opedag is in Januarie vir die publiek gehou en die konsepverslag is tot 23 Februarie 2009 in die Hermanus-biblioteek vir insae en kommentaar beskikbaar. Diegene wie kommentaar lewer of as geaffekteerdes of belanghebbende registreer, sal op hoogte gehou word van vordering rakende die asesseringsproses.

Om as 'n belanghebbende te registreer, kontak Philip Rosenthal by tel/faks 021 685 4500, sel 082 6768966, epos mail@PhilipRosenthal.com of per pos by Postnet 114, Privaatsak X18, Rondebosch 7701.

## WÊRELDOMGEWINGSKALENDER: NR 1

## VLEILANDE VERBIND ONS ALMAL

Volgende op die sukses waarmee laasjaar se reeks oor uitheemse indringerplantspesies begroet is, het ons besluit om die fokus hierdie jaar na die Wêreldomgewingskalender te verskuif in 'n poging om bewustheid te skep rakende die onderskeie onderwerpe wat deur elke dag op hierdie kalender verteenwoordig word.

Die eerste datum op die kalender is 2 Februarie: Wêreldvleilandedag. Op dié dag word die aanvaarding van die Konvensie op Vleilande herdenk wat in 1971 aan die Kaspiese See in die Iranse stad Ramsar onderteken is. Vandag algemeen bekend as die Ramsarkonvensie, streef hierdie ooreenkoms daarna om die bewaring en verstandige gebruik van vleilande by wyse van samewerking op plaaslike, streek-, nasionale en internasionale vlak te bevorder in 'n poging om volhoubare ontwikkeling te verseker.

Die tema vir Wêreldvleilandedag 2009 is "Rivierop – Rivieraf: Vleilande Verbind Ons Almal", en die fokus is op rivierkomme en die bestuur daarvan. Rivierkomme is onderlingverbinde stelsels en, soos die tema suggereer, word mense wat in of naby hierdie stelsels woon deur die optrede van diegene rivierop beïnvloed terwyl hulle weer op hulle beurt 'n impak of die lewens van mense rivieraf het. Dus, almal het 'n impak op hul rivierkomme. Dit raak meer as net beplanners en bestuurders of regerings: ook gebruikers. Ons gebruik almal water uit rivierkomme. Of ons nou boere, vissermanne, fabrieks-eienaars of gewone mense is, ons aktiwiteite het 'n impak op die kom waarin ons woon.

Vleilande binne rivierkomme is onderling verbind. Hulle is 'n allerbelangrike deel van die watersiklus en aangesien ons 'n waterafhanklike spesie is, is dit gebiedend noodsaaklik dat ons met sorg na vleilande omsien. Verlies aan waterhabitat, veranderings aan die natuurlike vloeipatrone in riviere, uitheemse spesies en waterbesoedeling, om maar 'n paar te noem, het 'n negatiewe impak op vleilande. Die impak affekteer nie net 'n spesifieke vleiland nie maar het dikwels 'n rimpeleffek oral in die rivierkom. Dink dus mooi: Wat doen jy in jou dagtaak of persoonlike hoedanigheid wat die rivierkomme in die Overstrand-streek kan benadeel?

Die volgende belangrike datum op die Wêreldomgewingskalender is 22 Maart: Wêreldwaterdag. In die volgende uitgawe gaan ons waterverwante omgewingskwessies van nader beskou.



Foto: Kerry van Rensburg, Hermanus Times

## HOUERS VIR GEVAARLIKE HUISHOUDELIKE AFVAL

*Overstrand se inwoners kan voortaan op 'n amptelike wyse van gevaarlike huishoudelike afval ontslae raak. Spesiale houers waarin daar weggedoen kan word met huishoudelike bytmiddels, vlambare stowwe, gifstowwe, oksidante, droëselbatterye en verdigte fluoresseerligte is by die Vasteafval-oorlaaistasies in Hermanus en Kleinmond aangebring. Van hier sal sodanige afval na die Vissershok-afvalbestuursfasiliteit naby Kaapstad geneem word wat toegerus is om gevaarlike afval te hanteer. Volgens mnr Johan van Taak, Munisipaliteit Overstrand Hooftegnikus: Vaste Afval, was daar 'n groot behoefte aan sulke houers aangesien die meeste inwoners in een of ander stadium van gevaarlike afvalstowwe ontslae moet raak, veral wanneer hulle verhuis en met insekdoders of ander gevaarlike materiaal sit wat hulle nie wil saam neem nie. Hierdie diens word nie vir nywerheid- of mediese afval aangebied nie, waarvoor private diensverskaffers gekontrakteer moet word. Hier staan Anthony Louw, Adolf Hansen en Johan langs die verbruikersvriendelike houers waarop inligting duidelik aantoon watter gevaarlike afval in hulle geplaas mag word. Indien u onseker is oor die status van u afval, is u welkom om mnr Van Taak by 028 316 3724 te skakel.*

**i** ***Do you prefer this newsletter in another official language?*** *SMS your account number with E for English to* ***082 338 1631***

***Ungathanda lencwadi yesaziso-ndaba ibhalwe ngolunye ulwimi?*** *Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo* ***082 338 1631***